South African Revenue Service

MEDIAVERKLARING

Belasting op suikerversoete-koeldranke in volle vaart

Pretoria, 28 Maart 2018 – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is gereed om die belasting op suikerversoete-koeldranke (SBL), wat op 1 April 2018 in werking tree, in te stel.

Vervaardigers van suikerversoete-koeldranke, wat ‘n suikerinhoud van 500 kg per jaar oorskry, moet by SARS gelisensieer wees en die heffing aan SARS oorbetaal. Vervaardigers wat minder as 500 kg per jaar oplewer hoef nie die heffing te betaal nie, maar moet by SARS registreer.

SARS het seker gemaak dat die nodige stelsels beskikbaar is om die prosessering, lisensiëring en registrasie van vervaardigers van suikerversoete-koeldranke doeltreffend te hanteer.

Die belasting sal teen 2.1 sent per gram suikerinhoud, wat 4 gram per 100 ml oorskry, gehef word. Dit beteken dat die eerste 4 gram per 100 ml heffing-vry is. Suikerversoete-koeldranke wat voor 1 April 2018 vervaardig is, sal nie aan die heffing onderhewig wees nie.

In lyn met SARS se benadering om belastingpligtiges in te lig en dit maklik te maak om hul belastingverpligtinge na te kom, het SARS invoerders, vervaardigers en ander industrie-belanghebbendes betrek deur ‘n reeks inligtingsessies wat in vyf provinsies aangebied was vroeër in Maart.

Vir meer inligting, besoek die *Sugary Beverages Levy*-webblad.